



# basic education

Department:  
Basic Education  
**REPUBLIC OF SOUTH AFRICA**

**NASIONALE  
SENIOR SERTIFIKAAT**

**GRAAD 12**

**RELIGIESTUDIES V2**

**NOVEMBER 2023**

**PUNTE: 150**

**TYD: 2 uur**

**Hierdie vraestel bestaan uit 5 bladsye.**

## **INSTRUKSIES EN INLIGTING**

1. Hierdie vraestel bestaan uit VYF vrae.
2. Beantwoord enige DRIE vrae.
3. Begin ELKE vraag op 'n NUWE bladsy.
4. Lees AL die vrae aandagtig deur.
5. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
6. Die lengte van jou antwoorde moet ooreenstem met die punte wat vir elke vraag toegeken is.
7. Skryf netjies en leesbaar.

## VRAAG 1

Lees die artikel hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

### MISDAAD EN KORRUPSIE

Suid-Afrika staan kwessies met betrekking tot verskanste korrupsie en georganiseerde misdaad in die gesig, wat albei 'n korroderende (wegvretende) uitwerking op bestuur en ekonomiese groei het. Ten spyte van vordering onder Nelson Mandela het staatskaping en korrupsie onder die Zuma-administrasie 'n ontploffing in georganiseerde misdaad veroorsaak. Suid-Afrika het boonop die tuiste geword van die mees gediversifiseerde misdaadsindikate in die wêreld. Hierdie sindikate, wat verbintnisse het met transnasionale misdaadnetwerke, dryf handel met mense, gewere, dwelms en minerale. Hulle dryf ook handel met koper en olie wat gesteel is – dikwels met medepligtigheid – van Suid-Afrikaanse OSB's (ondernemings in staatsbesit). Hierdie groepe pers besighede af, wat lei tot die kansellering van kontrakte, sowel as indiensnemings- en ekonomiese verliese. Die huidige Ramaphosa-administrasie het verskeie opregte, maar beperkte, stappe gedoen om korrupsie en misdaad aan te pak.

[Bron: *Grey Dynamics, Articles Crime Intel*, 16 November 2022]

- 1.1 Verduidelik in jou eie woorde die verband tussen *misdaad* en *korrupsie*. (6)
- 1.2 Hoe beïnvloed misdaad en korrupsie dienslewering in ons gemeenskappe? (12)
- 1.3 Gee VYF moontlike redes waarom daar 'n hoë vlak van korrupsie in die openbare sektor is. (10)
- 1.4 Met verwysing na enige EEN godsdiens wat jy bestudeer het, bespreek die leringe daarvan oor misdaad en korrupsie. (10)
- 1.5 Stel praktiese strategieë voor wat godsdiensgemeenskappe kan gebruik om misdaad en korrupsie in Suid-Afrika te bekamp. (12)

**[50]**

## VRAAG 2

Lees die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

Alle godsdienste het 'n stel oortuigings oor die aard van die mensdom, die wêreld, die goddelike, skepping en ander dele van ons lewens. Daar word na sulke breë oortuigings verwys as godsdienstige leringe. Godsdienstige leringe kan in die vorm van geskrewe of mondelinge tekste wees.

[Aangepas uit *Shuters Top Class Religion Studies, Grade 12*]

- 2.1 Met verwysing na enige EEN godsdienst wat jy bestudeer het, beantwoord die volgende:
- 2.1.1 Bespreek die lewe na die dood. (12)
- 2.1.2 Bespreek die aard van goddelikheid. (12)
- 2.2 Noem en verduidelik DRIE hermeneutiese beginsels. (12)
- 2.3 Wat is die verskillende rolle wat mondelinge tradisie in verskillende godsdienste speel? (14)
- [50]**

## VRAAG 3

Lees die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

Terwyl elke godsdienst 'nie-onderhandelbare oortuigings' het, is daar beslis verskille van interpretasie en praktyk.

[Bron: *Shuters Top Class Religion Studies Grade 12*]

- 3.1 Met verwysing na enige EEN godsdienst wat jy bestudeer het, beantwoord die volgende vrae:
- 3.1.1 Noem TWEE takke van hierdie godsdienst. (4)
- 3.1.2 Vergelyk die verskille in die leringe van elke tak. (12)
- 3.1.3 Vergelyk die verskille in die praktyke van elke tak. (12)
- 3.2 Ontleed die positiewe en negatiewe gevolge van interne verskille wat binne godsdienste bestaan. (12)
- 3.3 Bespreek die oorsprong van heilige tekste in enige EEN godsdienst. (10)
- [50]**

**VRAAG 4**

Lees die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

Wanneer die verhouding tussen godsdiens en natuurwetenskappe beskou word, is dit belangrik om te onthou dat wetenskap iets is wat mense al eeue lank in alle kulture gedoen het; en so ook godsdiens. Godsdienstige feeste het die somer- en wintersonstilstande in baie kulture gevier.

[Bron: *Shuters Top Class Religion Studies Grade 12*]

- 4.1 Tabuleer die verskille tussen Darwin se evolusieteorie en enige EEN van die Abrahamitiese godsdienste se weergawe van die skepping. (16)
- 4.2 Verduidelik hoekom Hindoeïsme nie 'n probleem met Darwin se evolusieteorie het nie. (12)
- 4.3 Wat is Taoïsme se reaksie op die Oerknalteorie? (10)
- 4.4 Bespreek die impak van die Oerknalteorie op die kerk. (12)
- [50]**

**VRAAG 5**

5.1 Lees die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

Vandag is daar baie mense wat 'n sekulêre wêreldbeskouing het. Hulle het nie 'n bepaalde godsdienstige oortuiging nie of behoort nie aan 'n godsdienstige gemeenskap nie. Dit beteken nie dat die mense wat 'n sekulêre wêreldbeskouing het, nie godsdienstig of geestelik is nie.

[Bron: *Focus on Religious Studies, Grade 12*]

- 5.1.1 Vergelyk die leringe van enige EEN sekulêre wêreldbeskouing met die leringe van enige EEN godsdiens wat jy bestudeer het. (16)
- 5.1.2 Evalueer die impak van sekularisme op die morele waardes van die samelewing krities. (14)
- 5.2 Lees die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

Intergeloofsamewerking kan wees, moet wees, was en is, in sommige gevalle, steeds 'n positiewe ding. Die probleme en kommer wat ontstaan, kan nie deur enige een nasionale of godsdienstige groep hanteer word nie. Godsdienstige organisasies werk nou saam in Suid-Afrika en in die hele Afrika. Hierdie organisasies is gestig om hartlike verhoudings tussen godsdienste in Afrika te probeer ontwikkel – een hiervan is Interfaith Action for Peace in Africa (IFAPA).

[Aangepas uit *Shuters Top Class Religion Studies, Grade 12*]

- 5.2.1 Noem VYF prestasies van IFAPA. (10)
- 5.2.2 Wanneer humanitêre krisis uitbreek, skuif godsdienstige aanhangers hulle verskille opsy en vind mekaar in 'n gemeenskaplike reaksie. Bespreek kortliks DRIE voorbeelde van intergodsdienstige samewerking in Suid-Afrika. (10)
- [50]**

**TOTAAL: 150**